

PLEKKE OP PAD NA DIE EWIGE PARADYS

Die Bybel verhaal van baie plekke wat vir 'n persoon besondere betekenis gehad het. Waar daar vir hom/haar/hulle 'n besondere gebeurtenis plaasgevind of lewensveranderende boodskap was. Kom ons kyk na 'n paar van hierdie plekke.

Die tuin in Eden, die paradys, was die eerste plek wat vir die eerste mense van besondere betekenis was. Dit was 'n lushof waar Adam en Eva direk in gesprek met God kon leef. Dit was inderdaad die paradys. Deur hulle sonde en ongehoorsaamheid het hulle die reg op verblyf in die paradys verloor. Iemand sou vir hulle sonde moes betaal om die paradys weer vir hulle oop te sluit.

Noag se plek van betekenis was die berg Ararat. Daar sou hy God se groot genade oor sy skepsels en skepping beleef. Daar sou hy ervaar dat net hy en sy gesin en 'n paar diere gered is en alle ander mense en diere op aarde verdelg is. Hoeveel keer sou Noag opkyk na Ararat en in die verte die paradys sien?

Toe Abraham die opdrag kry om na 'n onbekende bestemming te trek, was hierdie plek vir hom nie soseer Kanaän nie, maar het hy uitgesien na die hemelse stad wat vaste fundamente het, die hemelse paradys. Moria sou in Kanaän die plek word waar Abraham besef het dat daar 'n Offerlam moet kom. Hy hoef nie vir Isak te offer nie. Die Here sal sy eie Lam voorsien. Die Lam wat die pad na die paradys weer sou oopbreek.

Op Sinaïberg het Moses die tien gebooe, bloudruk vir sy eie en ons lewe, gekry. Maar by Kades volg hy nie God se voorskrif om met die rots te praat nie, maar slaan die rots. En mag hy nie die volk die land wat oorloop van melk en heuning, die Israeliete se paradys, inlei nie. So staan Kades vir hom teenoor Sinai. Versper sy pad na die beloofde aardse paradys.

Simson slaan 1,000 Filistyne dood, roem hom op sy groot krag en noem die plek selfversekerd Kakebeenshoogte. Toe hy direk daarna dops word, roep hy tot God en God gee uit genade water. Toe verander Simson se Kakebeenshoogte na Roepersfontein. Besef hy sy onmag om op sy eie by die paradys uit te kom. Om die paradys te haal, moet hy tot God roep.

Die tolhuis was die plek waar Matteus se tog na die paradys begin het. Hoe graag sou hy nie wou hê dat Jesus hom nie hier met sy vuil hande by die veragtelike tolhuis sou sien nie, maar eerder netjies aangetrek in die kerk? Maar juis omdat hy sy vuilheid besef het, was die skoonwas soveel groter! Het die tolhuis vir hom die heenwysing na die paradys geword.

Sigar was die plek waar die Samaritaanse vrou die lewende water, haar paradys, verniet ontvang het. En dit gedeel het met haar mense. So het baie Samaritane tot geloof in Jesus gekom op grond van die vrou se verkondiging. So het die pad na die paradys voor hulle en ons as heidene oopgegaan.

Vir Saulus was die plek van besondere betekenis die pad na Damaskus. Op hierdie plek het Jesus kragdadig in sy lewe ingegryp en hom tot inkeer laat kom en hom gekies as werktuig om die evangelie van genade uit te dra onder die heidennasies. En so het die evangelie ook tot by my en jou hier in Suid Afrika gekom.

Die belangrikste plek op aarde, die plek van alle plekke, waar die oorwinning finaal behaal is, is Golgota. Dit is die plek waar 'n misdadiger kon hoor: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Hier is al my en jou skuld betaal en die kwitansie aan die kruishout gespyker, saam met 'n padwyser wat die pad en die plek na die oop graf daar naby en die pad na die paradys aandui. Ook

vir Adam en Eva. En so is ons terug by die begin, by die skepping, by die eerste paradys. Op pad na die nuwe paradys.

Watter plekke in jou lewe is vir jou belangrik? Watter het vir jou 'n besondere betekenis? By watter plekke het jy gesondig, het jy besef die paradys gaan vir jou toe? Waar het jy besef hoe groot die Here se genade is? Waar het jy besef jy het 'n Offerlam nodig? Dank jy Hom? Waar het jy jou bloudruk gekry? Waar het jy geslaan toe jy moes praat? Het jy al 'n plek waar jy oorwin het vol bravade Kakebeenshoogte genoem? Moes jy dit toe in skaamtena Roepersfontein herdoop? Was jy toe dankbaar? Was jy al in jou tolhuis? Het jy al by jou eie Sigar die lewende water met jou naaste gedeel? Waar het jy al 'n Damaskus-ervaring gehad? Nog nie? Het jy al gebid en gepleit vir so 'n ervaring? Was jy al by die kruis op Golgota en het jy al gehoor: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."?

Jan Lubbe